15 Mei 2022

Gr R tot Gr 3

Alles is **nuut**!

Openbaring 21:1-6

voorbereiding

Neem saam:

- Inkleurprente
- Kleur kryte en kokies
- Speel klei (resepte voorsien aan einde van les)

bid tyd

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

gesels tyd

Wie van julle hou van verjaarsdae? Hoekom hou jy van jou verjaardag? Wat maak jy alles op jou verjaarsdag? Kan jy ons vertel van jou lekkerste verjaarsdag sover? *Gee genoeg tyd vir die kinders om te vertel oor alles wat lekker was met hul verjaarsdae.*

Verjaarsdae is lekker, veral die bederf daarvan. Om jou maats oor te nooi en lekker te kan speel, is groot pret. Party van ons hou van die verjaarsdag koek en al die eetgoed. Ander hou van al die verrassings en persente. Nou wil ek hoor, wie van julle betaal julle maats vir die persente wat hulle vir jou bring op jou verjaardag? Waarom betaal mens nie vir 'n geskenk nie?

'n Persent is iets wat iemand vir jou gee, spesiaal omdat hulle dink dit is iets waarvan jy baie sal hou en omdat hulle dit graag vir jou wil gee, want hulle weet dit sal jou gelukkig maak. Dalk is dit iets wat jy nog altyd wou hê, soos daardie rooi fiets waarna jy nou al so lank kyk in die winkelvenster – en dan as mamma of pappa dit vir jou gee vir jou verjaardag, weet hulle dat dit sommer jou hart baie bly gaan maak. Of dalk is jou persent 'n splinternuwe inkleurboek met kryte want jou beste maat weet dat jy baie daarvan hou om in te kleur. Geskenke is daar om jou hart sommer baie bly te maak.

gesels tyd (vervolg)

Maar weet julle wat is baie lekker? Om iets soos 'n inkleurboek te kry, en dan daardie baie lekker gevoel wanneer jy die prent ingekleur het, om dit weer met jou maat te deel. Want sien, wanneer jy dit klaar ingekleur het, lyk dit heeltemal nuut en anders.

Kom ons kyk hoe ons dinge nuut en anders kan laat lyk.
Deel vir elkeen 'n inkleurprent uit en kryte en kokies. Gee kans dat almal hul prente kan inkleur en moedig hulle heeltyd aan om dit so spesiaal as wat jy kan te maak en na die tyd vir mamma of pappa te gaan gee.

Nog 'n oefening: Klei
Maak of koop klei. Deel vir elkeen 'n stuk klei uit. Gee eenvoudige opdragte soos, maak 'n bal. Wanneer almal klaar is, prys hulle vir goeie werk, en laat hulle die volgende ding maak, byvoorbeeld, maak 'n blom, en daarna weer, maak 'n kar. Wys die kinders daarop dat elke opdrag iets nuut is wat geskep is.

sing tyd

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Liedboek Lied 549: Daars vissies in die water
Daar's vissies in die water
Kyk hoe swem hul rond
Daar's voëltjies in die lug
En daar's diere op die grond
Daar's blomme in die velde
Daar's riete in die vlei
Wie sou dit als gemaak het?
Die Here, ja dis Hy!

Liedjie: Wie's die koning van die oerwoud
Wie's die koning van die oerwoud
Wie's die koning van die see
Wie's die koning van die groot heelal
Wat alles vir ons gee
Sy naam is J-E-S-U-S
Hy's die koning van die oerwoud
Hy's die koning van die see
Hy's die koning van die groot heelal
Wat alles vir ons gee.

BYBEL tyd

Wanneer ons die Bybel lees, leer ons daarin dat God van die begin af daar was. Hy het alles gemaak, die son maan en sterre, die aarde en alles wat bestaan. God het alles goed gemaak. Hy het ook die mens gemaak, en was vir ons so lief, dat Hy vir ons 'n eie wil gegee het om mee keuses temaak. En toe maak die mens slegte keuses. Die keuses het gedoen wat God se hart ongelukkig maak en die sonde het gemaak dat die mens nie meer heeltyd by God kon wees nie. God het geweet dat die mens 'n verlosser nodig het. Iemand wat die sonde kan wegwas en ons weer in 'n goeie verhouding met God kan laat staan. Daarom het God Sy Seun Jesus aarde toe gestuur. Ons lees in die Bybel dat Jesus kom doodgaan het aan die kruis om al ons sonde weg te was. En ons lees ook dat Jesus nie meer dood is nie, maar Hy het die dood oorwin en opgestaan en na God toe gegaan en hulle is besig om vir ons plek voor te berei en reg te maak om vir altyd en ewig by hulle in die Hemel te wees. Hulle noem die hemel die nuwe Jerusalem. Alles daar gaan splinternuut wees. Dalk sal daar dinge wees wat dieselfde is, maar alles gaan nuut en mooi wees.

Ons lees ook in die Bybel van die nuwe Jerusalem, die hemel waar ons by God sal wees. Kom ons lees daarvan uit die Woord van God.
Lees vir die kinders voor uit Open.21:1-6

In die hemel, die nuwe Jerusalem, sal ons saam met God woon. Dinge sal anders en beter wees as wat ons nou op aarde ken. Daar sal ons gelukkig wees en nie meer hartseer en trane nie, maar opgewonde by God.

Ons weet dat God die begin en einde van alles is. Al verstaan ons nie alles nou nie, sal ons dit eendag verstaan. Maar wat nou al vir ons goed is om te weet is dat God altyd dieselfde is. Hy wil vir ons net die beste gee. Hy wil ons nie hartseer sien nie. Hy sal die trane vir ons afdroog en vir ons gee wat ons regtig nodig het.

Is jy gereed vir die dag wat Jesus kom op die wolke om ons te kom haal? Ons weet nie watter dag dit sal wees nie. Ons weet nie wanneer dit gaan wees nie. Maar ons weet dat dit eendag sal gebeur, want die Bybel leer ons daarvan en die Bybel is waar en reg.

Daarom kan ons opgewonde daarna uitsien, amper soos jy die slapiies voor jou verjaardag aftel want jy weet sommer dit gaan 'n baie spesiale dag wees, en jy doen alles mooi en reg voor jou verjaardag, want jy weet mamma en pappa gaan jou beloon met iets wat hulle weet jou hart gaan bly maak. Net so moet ons opgewonde lewe, elke dag, omdat ons nie weet wanneer Jesus kom nie, maar die Bybel belowe dat Hy gaan kom, en dan wanneer Hy gaan kom, sal daar 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wees. Ons moet elke dag gereed lewe daarvoor. Kom ons bid en vra dat Jesus ons sal help om gereed te wees, vir daardie spesiale dag.

Here Jesus, al weet ons nie wanneer U gaan kom nie, weet ons dat U belowe dat U gaan kom om U kinders te kom haal om vir altyd en ewig by U te bly in die nuwe Jerusalem. Help ons om gereed te wees. AMEN.

doen & leer tyd

<u>Maak iets uit klei</u>

God het alles gemaak. In die skepping leer ons Hy het alles gemaak uit niks nie.

Ons kan nie iets uit niks maak nie, maar ons kan ook iets maak uit klei. Maak iets wat jou herinner aan die nuwe Jerusalem. Dit kan iets wees waarna jy uitsien in die hemel, of sommer hoe jy dink dit daar gaan wees of wat jy graag eendag in die hemel sal wil doen.

Jy is kosbaar en spesiaal, want God het jou gemaak. En Hy het jou gemaak met talente en gawes wat jy kan gebruik vir Hom.

groet tyd

Dankie Jesus dat U my ook spesiaal gemaak het. Dankie dat ons opgewonde kan wees oor die nuwe hemel en nuwe aarde wat U maak, die plek waar ons vir ewig saam met U sal lewe.
Amen



Maak speelklei.

Gebruik die eenvoudige resepte en maak speelklei vir elke kind aan. Jy kan dit ook voor die les in plastiek sakkies verpak om te keer dat dit sal uitdroog.

GEKOOKTE KLEI
2 k koekmeel
5 eetlepels kremetart
1 k sout
2 k water
5 eetlepels olie
Voedselkleursel
Geursel

Meng als in pot.
Roer met houtlepel tot 'klei' 'n bol begin vorm.
Verminder hitte en hou aan roer totdat die bol lekker solied is.
Knie vir 2 minute.
Laat afkoel voor spel en bêre in 'n houer in die yskas.

MAKLIKE SPEELKLEI
Jy het nodig:
2 koppies meel
1 koppie sout
2 teelepels olie
'n koppie water

Doen dit so:
Meng die meel en die sout. Voeg dan die olie by en voeg dan die water stadig by tot dit so styf is soos wat jy dit wil hê. Deel op in bolletjies en kleur verskillende kleure met voedselkleursel.

Hierdie klei resep werk baie lekker! Blykbaar kan julle die klei na die tyd teen 250 grade bak vir 'n uur in die oond, maar ons het dit nog nie probeer nie.

SOUT SPEELKLEI
4 koppies koekmeel
4 koppies sout
4 koppies koue water
1/4 koppie kookolie
15ml kremetart
Koekkleursel

Meng bogenoemde tot 'n gladde deeg.
Plaas in kastrol en laat oor lae hitte kook tot dit so taai soos kougom is.
Roer heeltyd.
Laat afkoel.
Bêre in lugdigte houer of plastieksak in yskas